

Dinsdag 10 Januarie

Skrifgedeelte: Joël 2:21-32 (1983-vertaling)

Fokusgedeelte: Joël 2:28, 29

God belowe volledige herstel

Die boodskap van die profeet Joël is dat die dag van die Here naby is (1:15). Hy sien in 'n visioen dat sprinkane golf na golf die hele land van Juda van elke plant en gewas stroop, sodat daar geen kos vir mens en dier is nie.

Daarom roep hy Juda op tot waaragtige berou en bekering: “Skeur julle harte, nie julle klere nie. Kom terug na die Here julle God toe” (2:13). As hulle dit doen, dan belowe Hy, twee keer, dat sy volk nooit weer in die skande sal kom nie (2:26, 27).

Trouens, Hy belowe meer as dit, Hy belowe volledige herstel aan hulle – nie slegs op fisiese gebied dat daar weer oeste sal wees nie, maar dat Hy ook aan hulle geestelike herstel sal gee. Hy sal sy Gees op al die mense laat kom, ongeag hulle geslag en ongeag hulle ouderdom, en ook ongeag die sosiale status wat hulle geniet.

Die Here het hierdie belofte nagekom. Ongeveer agt eeue later herken Petrus die vervulling daarvan op die Pinksterfees in Jerusalem toe die Heilige Gees op ongeveer 120 volgelingen van Jesus uitgestort is. En dit het nie net by hulle gebly nie. By monde van Joël het die Here verder belowe dat “elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word” (vs 32).

Ons verlossing in Christus is nie outomaties nie. As die Here ons roep, dan vra dit van ons 'n antwoord. So lees ons dat dié wat daardie dag Petrus se woorde aangeneem het, gedoop is, en omtrent 3000 mense is by die getal van die gelowiges gevoeg (Hand. 2:41).

Sing: Psalm 87:2, 5 (1936)

Ds. PA (Piet) Venter (Emeritus)